# Ek Verjaar!

Die volgende lidmate verjaar tot 14 Januarie 2023:

| | | |
|---|---|---|
| 9 Januarie | Tjaart van der Walt (jnr) | 083 411 6800 |
| 11 Januarie | Danny Morelli | 082 443 1845 |
| 11 Januarie | Jean-Pierre Knoesen | 072 626 1115 |
| 12 Januarie | Zandré van der Walt | 083 273 4739 |
| 13 Januarie | Dries (jnr) Olivier | 083 937 6544 |

**BAIE GELUK** en seënwense vir die nuwe jaar.

**LIEF EN LEED:**

- Een van ons lidmate, br. Ken Mellet, is Dinsdag oorlede, nadat hy 'n hartaanval gehad het en net meer as twee weke in die hospitaal was. Ons innige simpatie en meelewing aan Ken se familie en in besonder aan sy tweelingsuster, Marthie van der Schyff (072 336 4266). 'n Troosdiens sal op Vrydag 20 Januarie om 14:00 in ons kerkgebou plaasvind.
- Sr. Susan Murray (072 444 8272) se broer is in Desember aan 'n hartaanval oorlede. Ons innige simpatie en meelewing aan haar en haar familie.
- Br. Aquila (076 491 1326) en sr. Isa (072 858 2885) Biewenga se skoonsuster (Aquila se broer se vrou) is in Desember oorlede. Ons innige simpatie aan hulle en hulle familie.
- Ons vra voorbidding vir sr. René van der Walt (083 309 9519) wat, nadat sy vir meer as twee weke in Welkom Medi-Clinic was, oorgeplaas is na Bloemfontein Medi-Clinic waar sy tans in ICU lê. 'n MRI scan het gewys dat daar bloeding op haar brein regs agter is. Verder het sy steeds ontsteking in haar dermkanaal.

# ~ Die Bybel ~

**Psalm 32:11**

**Verbly julle in die HERE, en juig, regverdiges, ja, jubel dit uit, almal met opregte harte.**

**Filippense 4:4**

**Verbly julle altyd in die Here! Ek herhaal: Verbly julle!**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

GEREFORMEERDE KERKE
IN SUID-AFRIKA

